

Die Antichris en die Valse Profeet!



Open 13:1 En ek het 'n dier (Antichris) uit die see (volkere see) sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.

Open 13:2 En die dier (Antichris) wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak (Satan) het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.

Open 13:11 En uit die aarde (nie van God nie) het ek 'n ander dier (valse Profeet) sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak (Satan).

Die Antichris !!!

Onder die voortekens van die wederkoms van Christus neem die teken van die Antichris die laaste, maar belangrikste plek in. Uit die gegewens wat die Bybel ons bied, wil ons van hierdie sondemens, soos die apostel Paulus die Antichris noem, 'n beeld probeer skep.

Hy kom, dis seker; en hy kom as 'n werklike mens van vlees en bloed.
[Wereldleier en diktator vir sewe jaar .]

Open 13:1 **En ek het 'n** dier uit die see sien opkom met sewe koppe **en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam** van godslastering.

Let daarop dat die Antichris "uit die see opkom". Dit is 'n kodesimbool wat in Openbaring 17 gedefinieer word: Vers 1 verwys na ... "die groot hoer wat op die baie waters sit"; Vers 15 verduidelik wat hierdie waters is: ... "Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale." Volgens Bybelse gebruik, verteenwoordig die see die rustelose strewes van die wêreldnasies. Jesaja het dit soos volg uitgedruk: "Maar die goddelose **is soos 'n onstuimige see**; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op." Jes 57:20. Dit is vanuit hierdie wanorde van nasies dat die Antichris sal opkom. [Na die wegvoering— van die bruid]

Open 6:2 **En ek het gesien, en kyk, daar was 'n** wit perd (simboliseer valse vrede). En hy (Antichris) **wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.** [dit is nie die HY "JESUS" van opb 19:11 nie.]



Reg aan die begin van die groot verdrukking breek Christus die eerste seël in die hemel, en 'n "vredevors" op 'n witperd verskyn skielik op die aarde. Hy het slegs 'n boog in sy hand en versteek doelbewustelik die pyle omdat sy aanvanklike optrede in die teken van vrede en versoening staan.

Die Teëhouer

Hy[Antichris] kon nie vroeër reeds verskyn het nie, omdat die teenwoordigheid van die bruidsgemeente van Christus wêreldregering teëgestaan het. Noudat die Here hulle weggevoer het, kry hy die geleentheid om vir 'n kort tydjie sy ware identiteit te openbaar voordat hy self deur die oordele van die Here van die aarde af weggevee sal word.

2Thes 2:6 En nou, julle weet wat hom "Antichris" teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.

2Thes 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy (Heilige Gees) wat nou teëhou, uit die weg geruim is; (Die Heilige Gees vergesel die bruid)

2Thes 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,

2Thes 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen

Lucifer, die na-aper van God, kom met sy valse vrede ook op 'n wit perd. Daarom word "hy" in Open 6:2 met 'n kleinletter geskryf.

In Open 19:11 sien ons dat Jesus op 'n wit perd gaan verskyn: "Toe het ek die hemel geopend gesien; **en daar was 'n wit perd**, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oor-deel en voer oorlog in geregtigheid."

Hier word Hy met 'n hoofletter geskryf.

Lucifer na-aap God op verskeie gebiede.

Sy drie eenheid: "Die onheilige drieling"

1. Lucifer versinnebeeld God die Vader.
2. Die Antichris versinnebeeld die Seun, Jesus Christus.
3. Die Valse Profeet versinnebeeld die Heilige Gees.

Die Dood en Opstanding van Jesus:

Open 13:3 En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.

Die Geheimsinnige en Vreeslike persoon!

In die Ou Testament, sowel as die Nuwe Testament lees ons van hierdie mens wat in die "laaste dae" geopenbaar sal word:

Dan 7:8 Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar **‘n ander horinkie** tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwor-
tel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en **‘n mond wat**
groot dinge spreek.

Dan 8:9 **En uit een van dié het ‘n horing, eers klein, uitgekóm,**
maar dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na
die Pragtige Land toe.

Volgens die Bybelse simboliek is "horings" altyd mag.

Dan 9:26 **En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde (Jesus se**
kruisiging) uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk
van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes,
maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal
dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

Dan 11:36 En die koning (Antichris) sal doen net wat hy wil en
homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die
God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voor-
spoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas bes-
luit is, sal uitgevoer word.

2Thes 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers
moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die
seun van die verderf (Antichris.)

2Thes 2:8 en dan sal die ongeregtige (Antichris) geopenbaar word,
hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die
verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,

1Joh 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat
die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit
ons weet dat dit die laaste uur is. "meer as n 100 regoor die wereld"

Open 13:1 En ek het **‘n dier (Antichris)** uit die see sien opkom met
sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy
koppe **‘n naam van godslastering.**

Die Antichris, die teenstander van Christus.

Die Woord van God bewys hierdie stelling vir ons baie duidelik wanneer ons Christus en die Antichris begin vergelyk:

1. Christus kom uit die hemel:
Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.
Die "gees" van die Antichris kom uit die "volkeresee"
Open 13:1 En ek het n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horngs, en op sy horings tien krone
2. Christus kom in die naam van Sy Vader:
Joh 5:43 Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As **'n ander een in sy eie naam kom**, hóm sal julle aanneem. Die Antichris kom in sy eie naam.
3. Christus het Homself verneder:
Fil 2:8 **en in gedaante gevind as 'n mens**, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.
Die Antichris verhoog homself:
2Thes 2:4 die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.
4. Christus was verag
Jes 53:3 **Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.**
Die Antichris sal bewonder en aanbid word.
Open 13:3 En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.
Open 13:4 En hulle het die draak aanbid "satan" wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?
5. Christus word verhoog.
Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom **'n naam gegee wat bo elke naam is,**
Die Antichris word in die hel gewerp.
Open 19:20 En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die

- vuurpoel wat met swawel brand.
6. Christus doen die wil van Sy Vader.
 Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.
 Joh 6:39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het,
- Die Antichris doen sy eie wil.
 Dan 11:36 En die koning (Antichris) sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god,
7. Christus het gekom om te red.
 Luk 19:10 Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.
- Die Antichris kom om te vernietig.
 Dan 8:24 En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie; en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges.
8. Christus is die 'Waarheid'.
 Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
- Die Antichris is die 'Leuen'.
 2Thes 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen
9. Christus is die 'Heilige Een'
 Mark 1:24 en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!
- Die Antichris is die 'Wettelose een'
 2Thes 2:8 en dan sal die ongeregtige (die Griekse woord kan ook vertaal word - Wettelose) geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak.
10. Christus is die 'Man van Smarte'
 Jes 53:3 Hy was verag en deur die mense verlaat, **'n man van smarte** en bekend met krankheid; **ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg**; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.
- Die Antichris is die 'mens van sonde.
 2Thes 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf. (geestelike en morele verval)

11. Christus is die Seun van God.
 Luk 1: 35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.
Die Antichris is die seun van die verderf.
 2Thes 2: 3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf
12. In Christus is die verborgenheid van die godsaligheid geopenbaar.
 1Tim 3: 16 En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.
 [God geopenbaar in die vlees.]
In die Antichris word die verborgenheid van die ongeregtigheid geopenbaar.
 2Thes 2: 7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;
 2Thes 2: 8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdag en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,
 2Thes 2: 9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen
 [Satan geopenbaar in die vlees.]

Openbaring 13

- Open 13: 1 **En ek het 'n dier (Antichris) uit die see (volkere see) sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.**
 Die horings en krone is simbolies van die heerskappy; politieke mag, ekonomiese mag en militêre mag waaroor die Antichris sal beskik in sy regering oor die hele wêreld. Sewe en tien is getalle wat albei volheid en volkomenheid uitdruk.
- Opoen 13: 2 **En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die**

draak (Satan) het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.

Gedurende die laaste helfte van die 7 jaar verdrukking sal God vir Satan toelaat om **die Antichris geweldige bonatuurlike vermoëns** te gee. Die Antichris se invloed oor die wêreld sal so groot wees dat elke stam, volk, taal en nasie voor hom sal swig. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die wêreld sal Satan kry wat hy nog altyd wou gehad het - die wêreldwye aanbidding van die aarde se bewoners.

Open 13:3 En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier (Antichris) aan gegaan.

Wanneer hierdie skynbaar dodelike wond aan die kop deur Satan genees is, sal die hele wêreld agter die Antichris aanloop. 'n Mens kan dit sekerlik verstaan. Dink aan die indruk wat dit sal maak op vandag se wêreld as dit lyk asof 'n staatshoof na 'n sluipmoord uit die dood opstaan. Boonop sal dit werklik lyk asof hy waarlik omstandighede hier op aarde verbeter.

Open 13:4 En hulle het die draak (Satan) aanbid wat die dier (Antichris) mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

Deur sy bomenslike wysheid te gebruik om armoede, hongersnood en oorlog te voorkom, sal dit lyk asof hy die Messias is. En hy sal sonder om te blik of te bloos die volle eer daarvoor aanvaar en homself as God voordoen. **Hy sal waarlik 'n duiwelbesetene wees in die oortreffende trap.**

Open 13:5 **En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek**, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen. "drie en n half jaar"

Open 13:6 En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.

Open 13:7 Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin (Jode en martelare), en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.

Open 13:8 En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.

Open 14:9 **En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê:** As iemand die dier (Antichris) en sy beeld aanbid en **'n merk**

(666) op sy voorhoof of op sy hand ontvang,

Open 14:10 sal hy (wat die merk ontvang het) self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swavel voor die heilige engele en voor die Lam.

Open 14:11 En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.

Valse Christusse.

Matt 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie."

Vers 5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

Op 24/4/1982 verskyn 'n GROOT advertensie in die Engelse koerant, Rand Daily Mail, "THE CHRIST IS NOW HERE." Hierdie valse Christus is die Messias van die Nuwe Wêreld-orde (New Age) wat op 5 Februarie 1962 gebore is, met die naam "Lord Maitreya" wat tydens hierdie berig 20 jaar oud was. My persoonlike mening, as prediker, is dat bogenoemde valse Christus, die toekomstige wêreldleier kan wees, naamlik die Antichris. Sien Openbaring 13 en 2 Thes. 2. Hierdie "Lord Maitreya" het 'n paar jaar gelede ongeveer 25 mense uit rystoele laat opstaan deur sy Sataniëse mag, waarmee hy die mense verlei het. 2 Thes 2: 9 "hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen" Vers 11: "En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,"

2 Thes 2 :6 & 7 (Wie is die teëhouer ??)

"En nou, julle weet wat hom (Antichris) teëhou, sodat hy (Antichris) op sy tyd geopenbaar kan word.

Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat Hy (die Heilige Gees) wat nou teëhou, uit die weggeruim is: Die Teëhouer wat verhoed dat die Antichris hom kan openbaar, word "Hy" genoem, die Heilige Gees, wat tans binne in die Kerk, die Liggaam, die Bruid van Christus is. Dus, wanneer die Teëhouer (die Heilige Gees) weg is, die Bruid ook weg is (wegvoering). Dan eers kan die Antichris homself openbaar.

2 Kor 6:15 "En watter ooreenstemming het Christus met Belial ..."

Bélial is 'n ander naam vir Lucifer wat beteken wettelose. Antichris beteken wetteloosheid.

Een van die bekende hedendaagse Antichriste is die 61 jarige Dr José Luis De Jesús Miranda. "FOto regs"

“He claims to be the Anti-Christ. He also claims that he is Jesus Christ, and the second coming of Jesus Christ. He has a million followers and ordered his members to put 666 tattoos on their bodies. [666 the mark of Satan mentioned in Revelation chapter 13]

He said the word Anti-Christ is just a bad translation of new Christ. And 666 is a symbol of new Christ and a mark that you are a Christian. He founded his church [Creciendo en Gracia] 20 years ago. He preaches that there is no sin, no hell, the devil has already gone to the hell and earth is already the heaven. This doctrine attracted so **many followers”**

His followers believe that he is god.

He is supported by the generosity of his devotees, who have launched some 450 businesses to pour cash into the coffers of Creciendo en Gracia = Growing in grace. His followers worship him.

In the early years after founding his church he didn't claim to be Christ.

Instead, he worked as a pastor spreading his doctrine: that under the new covenant with God, there is no sin and no Satan, and people are predestined to be saved. As his following expanded his claims did. In 1998 he avowed that he was the reincarnation of the Apostel Paul. A few years ago he declared himself Christ. And just a few weeks ago, he called himself the Anti-Christ and revealed a “666” tattoo



on his forearm.

He rejects the worship of Jesus of Nazareth.”

1Joh 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

Ander Valse Christusse

David Shayler (gebore 24 Desember 1965) in Brittanje

In an artikel in die *Daily Mail* het Shayler verklaar dat hy die seun van **God is, "Ek is die Messias en het die geheim van die ewige lewe."** Hy het ook verklaar dat hy die reinkarnasie is van verskeie historiese figure.

Volgens sy webtuiste is hy "David Michael Shayler" gesalf as Messias op 2

Julie 2007 en geproklameer op 07.07.07, in lyn met antike profesië. Hy verklaar ook dat hy goddelike kragte beskik wat hom toelaat om die weer te beïnvloed en terroriste aanvalle te voorkom. Hy kan ook voetbalwedstryd tellings voorspel.

Sergey Anatolyevitch Torop [gebore op 14 Januarie 1961 in [Krasnodar](#), [Rusland] Bekend onder sy volgeling as Vissarion. Hy is **die hoof van die beweging bekend as "the Church of the Last Testament"** en is ook die stigter daarvan. Hy verklaar dat hy die reinkarnasie van Jesus is. Hy het ongeveer 4,000 volgeling in ongeveer 30 dorpie in Rusland en bykans 10,000 volgeling wereldwyd.

Die Japanese sekte Ho No Hana Sanpogyo ‘**n nuwe godsdienstige beweging gestig deur Hogen Fukunaga. Dit word dikwels die "foot reading cult," genoem omdat Hogen Fukunaga beweer dat hy ‘n diagnose kan maak deur iemand se voete te ondersoek. Hy het hierdie groep gestig in 1987, na ‘n sogenaamde ‘geestelike ondervinding’ waardeur hy ontdek het dat hy die reinkarnasie van Jesus Christus EN Buddha is. Die groep het op ‘n stadium beweer dat hulle 30,000 lidmate het.**

Inri Cristo [Gebore as Alvaro Thais in [Brazil](#), op 22 maart 1948.] is ‘n Brasiliaanse godsdienstige leier wie beweer dat hy Jesus Christus, geïnkarnear, is. In 1979, terwyl hy in vasting was in Chille, het dieselfde stem wat hy reeds vanaf sy kinderdae hoor, vir hom gesê: “ Ek is jou Vader, die

God van Abraham, Isak en Jakob.” Hierdie stem het ook vir hom gesê dat hy, Alvaro Thais, dieselfde Christus is wat tweeduisend jaar gelede gekruisig is onder Pontius Pilatus.

Matayoshi Jesus - ‘n Japanese polotikus wat homself voorstel as “The only God Mitsuo Matayoshi Jesus Christ”. Na aanleiding van sy program, sal hy “as Christus” die Laaste Oordeel voltrek, maar binne in die huidige politieke sisteem.

Huidiglik is daar meer as ’n honderd valse Christusse in die wêreld, en elkeen maak daarop aanspraak dat hy die messias of Christus is.

Die Valse Profeet

Open 13:11 En uit die aarde (nie van God nie) **het ek** ‘n ander dier (valse profeet) sien opkom, en hy het twee horings (’n godsdienstige mag) **gehad net soos ‘n lam** en het gepraat soos **‘n draak (Satan)**.

Die valse profeet sal daarin slaag om alle godsdienstige stelsels te verenig in ’n valse godsdiens.

Open 13:12 En hy (valse profeet) oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier (Antichris) aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.

Die valse profeet oefen onbepaalde gesag uit en dwing mense om die Antichris te aanbid.

Open 13:13 Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.

Open 13:14 En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom (valse profeet) gegee is om voor die oë van die dier (Antichris) te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat **hulle ‘n beeld moet maak** vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

Open 13:15 **En dit is hom gegee om** ‘n gees aan **die dier se beeld** te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

Hy dwing die bewoners van die aarde om die beeld van die Antichris te aanbid en maak almal dood wat weier om dit te doen.

Almal wat weier om die beeld van die Antichris te aanbid, en sy merk te aanvaar sal, volgens Openbaring 20:4 ONTHOOF word.

Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat **onthoof** is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleeft en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

In Dan 3 beveel koning Nebukadnésar dat alle mense, sodra hulle die geluid van die musiekinstrumente hoor, moet neerval en die beeld aanbid, wat hy laat maak het. Dié wat dit nie doen nie, sal dan binne in die vuuroond gegooi word. (Toekomstige marteling onthoofding)

Dan 3:5 sodra julle die geluid hoor van horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak en van allerhande musiekinstrumente, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het.

Dan 3:6 En hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word.


Dan 3:7 Daarom het, op die oomblik toe al die volke die geluid van horing, fluit, siter, luit, harp en van allerhande musiekinstrumente hoor, al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het.

Die drie Joodse helde, Sadrag, Mesag en Abednego, staan egter vas in hul streng Joodse godsdienstige opvoeding. Daar mag net voor die God in die hemel gebuig word, naamlik Jehova Elohim, die skepper en onderhouer van hemel en aarde. Hulle sou voor geen beeld neerbuig nie.

Hierdie drie jong Jode het gereken: Buig ons voor die goue beeld, gaan ons in die helse-vuur van God brand: buig ons nie voor die goue beeld van Nebukadnésar nie, brand ons in sy vuuroond. Dus, brand gaan ons brand. Daarom sê hulle: "Ons sal nie buig nie, o koning."

Dan 3:17 As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;

Dan 3:18 maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aan-



bid nie.

Dan 3:19 Toe het Nebukadnésar baie woedend geword en sy gelaat-strekke het verander teenoor Sadrag, Mesag en Abednégo; as antwoord het hy bevel gegee om die oond sewe maal warmer te maak as wat eintlik nodig was.

Dan 3:20 En aan sommige van die sterkste manne wat in sy leër was, het hy bevel gegee om Sadrag, Mesag en Abednégo te boei, om hulle in die brandende vuuroond te gooi.

Dan 3:21 Toe is daardie manne geboei met hulle mantels, hulle broeke en hulle tulbande en hulle ander klere aan, en hulle is binne-in die brandende vuuroond gegooi.

Dan 3:22 Omdat dan nou die woord van die koning streng en die oond uitermate verhit was, het die vlam van die vuur daardie manne wat Sadrag, Mesag en Abednégo opgeneem het, doodgebrand.

Dan 3:23 Maar daardie drie manne, Sadrag, Mesag en Abednégo, het geboeid binne-in die brandende vuuroond geval.

Dan 3:24 Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan; hy het sy raadsmanne toegesprek en gesê: Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning!

Dan 3:25 Hy antwoord en sê: **Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun.**

Dan 3:26 Toe het Nebukadnésar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en daarop gesê: Sadrag, Mesag en Abednégo, knegte van die allerhoogste God, gaan uit en kom hier! Toe het Sadrag, Mesag en Abednégo uit die vuuroond uitgegaan.

Dan 3:27 Daarop het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneys en die raadsmanne van die koning vergader en aan daardie manne gesien dat die vuur geen mag oor hulle liggame gehad en die hare van hulle hoof nie geskroei het nie, en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie.

Dan 3:28 Daarop het Nebukadnésar gesprek en gesê: Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het, en **wat hulle liggame oorgegee het om geen ander god te dien of te aanbid nie, behalwe hulle God.**

Dan 3:29 Daarom word deur my bevel gegee dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek oor die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word,

omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie.

Dan 3:30 Toe het die koning Sadrag, Mesag en Abednégo voorspoedig laat wees in die provinsie Babel.

Nebukadnésar is 'n sinnebeeld of tipe van die Antichris.

Die Valse Profeet.

Die Valse Profeet van Openbaring 13:11-18, sal dan ook 'n beeld laat maak, van die Antichris, en die mense wat nie voor die beeld wil neerbuig nie, sal gedood word. [Onthoof word opb 2o:4]

Open 13:14 En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom (valse profeet) gegee is om voor die oë van die dier (Antichris) te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat **hulle 'n beeld moet maak** vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

Open 13:15 **En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld** te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat **onthoof** is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

Almal wat dus weier om voor die beeld van die Antichris te buig sal nie in 'n vuuroond gegooi word nie, maar sal onthoof word onder die val van die guillotine (valbyl).

[Duisende valbyle reeds ingevoer na V.S.A. vanaf japan en china]

Die merk van die Antichris.

Open 13:16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe **'n merk op hulle regterhand** en op hulle voorhoofde gegee word;

Open 13:17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

Open 13:18 Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat

hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is ses honderd ses en sestig. [666]

Die getal; seshonderd ses-en-sestig

Ses vir Satan
 Ses vir die Antichris
 Ses vir die valse profeet.

(Met Nelson Mandela se prisonier nommer wat 46664 was, het mense onlangs sonder huiwering T-hemde gedra met dieselfde nommer op.)



VI = die Romeinse 6
 S = die Griekse 6.
 A = die Engelse 6.



Klere uit China met die 666 merk.

Letterwaardes:

Kom ons kyk na iets interessant: LETTERWAARDES!!!

Waar elke letter van die alfabet met ses vermeerder. Begin dus met A =
A=6 B = 12 C = 18, ens, ens.

A = 6	K = 66	U = 126
B = 12	L = 72	V = 132
C = 18	M = 78	W = 138
D = 24	N = 84	X = 144
E = 30	O = 90	Y = 150
F = 36	P = 96	Z = 156
G = 42	Q = 102	
H = 48	R = 108	
I = 54	S = 114	
J = 60	T = 120	

Computer

C = 18+
O = 90+
M = 78+
P = 96+
U = 126+
T = 120+
E = 30+
R = <u>108=</u>
Totaal 666

S=114	P = 96
U=126	E = 30
N= 84	O = 90
	P = 96
C= 18	L = 72
I = 54	E = 30
T =120	
Y= <u>150</u>	S = 114
	I = 54
666	N = <u>84</u>
	666

Probeer die volgende woorde:

Sun Moon (Babiloniese afgode)
People sin (Rom 3:23)
Devil Dragon (Openbaring 13:4)
Lucifer Hades = (Grieks vir doderyk)
Lucifer Hell
Lucifer Hades (Hades = Grieks vir doderyk)
Mark os Beast
Auto Bank Card
New York
Sun City

A = 6 U= 126 T=120 O= 90 B = 12 A= 6 N= 84 K= 66 C= 18 A= 6 R= 108 D= <u>24</u> 666	M= 78 A = 6 R= 108 K= 66 O= 90 F= 36 B= 12 E= 30 A= 6 S= 114 T= <u>120</u> 666	B=012 I=054 O=090 I=054 M=078 P=096 L=072 A=006 N=084 T= <u>120</u> 666	M=078 O=090 N=084 D=024 E=030 X=144 C=018 H=048 I=054 P= <u>096</u> 666	L = 72 U= 126 C= 18 I = 54 F = 36 E = 30 R=108 H= 48 E = 30 L = 72 L = <u>72</u> 666	L = 72 U= 126 C= 18 I = 54 F= 36 E= 30 R= 108 H= 48 A = 6 D = 24 E = 30 S = <u>114</u> 666	D = 24 E = 30 V = 132 I = 54 L = 72 D = 24 R = 108 A = 6 G = 42 O = 90 N = <u>84</u> 666
---	---	---	---	---	--	---



Open 13:16 & 17 16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe **‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word;**
17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier (Antichris) of die getal van sy naam het. [666]

"In 1948 Norbert Weiner published a book, CYBERNETICS, defined as a neurological communication and control theory already in use in small circles at that time. Yoneji Masuda, "Father of Information Society," stated his concern in 1980 that our liberty is threatened Or-

LATEST NEWS IN THE WORLD!!!!

A NEW DEVELOPMENT WHICH ELIMINATES THE NECESSITY OF USING CURRENCY OR CREDIT CARDS, AND TO HELP PREVENT FRAUD AND IDENTITY THEFT!!

Motorolla is the company producing the microchip for Mondex Smartcard.

One billion "bio-chips" are produced per year. It has been in production for at least one year.

The "bio-chip" measures 7mm of length and .075mm wide - as large as a grain of rice. It contains a transponder (a system of storage for reading information in microchips) and a rechargeable Lithium battery. The battery is recharged by a thermocouple circuit that produces an electrical current with the fluctuation of body temperature.


They spent more than **\$1.5 Million Dollars** in research just to discover the best place to insert the "bio-chip" into the human body. They only found two satisfactory and efficient places - The HEAD, underneath the scalp and the backside of the hand, specifically THE RIGHT HAND, (Rev 13:16 & 17) where it cannot be removed. If it is removed by surgery, the small capsule will burst and the individual would be contaminated by the Lithium and the chemical in the micro-bacteria, and the Global Positioning System (GPS) will detect if it was removed and will alert the authorities.

NB

Mondex means - Money on your hand.

Still in doubt???

Go to www.google.com. Search for the word "VERICHIP" and read some of the links. Do the same with the words "MONDEX SMARTCARD".



wellian-style by cybernetic technology totally unknown to most people. This technology links the brains of people via implanted microchips to satellites controlled by ground-based super-computers.

Implanted human beings can be followed anywhere. Their brain functions can then be remotely monitored by supercomputers and even altered through the changing of frequencies.

Every thought, reaction, hearing and visual observation causes a certain neurological potential, spikes, and patterns in the brain and its electromagnetic fields, which can now be decoded into thoughts, pictures and voices. Electromagnetic stimulation can therefore change a person's brainwaves and affect muscular activity, causing painful muscular cramps experienced as torture.

With electro-magnetic frequency (EMF) brain stimulation fully coded, pulsating electromagnetic signals can be sent to the brain, causing the desired voice and visual effects to be experienced by the target. This is a form of electronic warfare.

The Washington Post reported in in May 1995 that Prince William of Great Britain was implanted at the age of 12. Thus, if he were ever kidnapped, a radiowave with a specific frequency could be targeted to his microchip.

The mass media have not reported that an implanted person's privacy vanishes for the rest of his or her life. S/he can be manipulated in many ways. Using different frequencies, the secret controller of this equipment can even change a person's emotional life. S/he can be made aggressive or lethargic.

Thought signals and subconscious thinking can be read, dreams affected and even induced, all without the knowledge or consent of the implanted person."

Die hoofdoel van die Antichris!

- a. Een wêreld regering met die Antichris as leier.

- b. Een wêreld godsdiens met die valse profeet as godsdiensleier. (Moontlik die Rooms-katolieke Pous.)
- c. Een wêreld wet
- d. Een wêreld hof
- e. Een wêreld leer
- f. Een wêreld vloot
- g. Een wêreld lugmag
- h. Een wêreld skool-leerplan
- i. Een wêreld polisiemag
- j. Een wêreld geldstelsel

Die Antichris regering sal van korte duur wees volgens die Woord van God. Net sewe jaar. (Die 70ste jaarweek van Daniël.)

AAN DIE EINDE VAN DIE 7 JAAR VERDRUKKING, WORD DIE ANTICHRIS EN DIE VALSE PROFEET IN DIE HEL GEWERP.

Openb 19:19 En ek het die dier (Antichris) en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom (Jesus) wat op die perd sit, en teen sy leer.

Openb 19:20 En die dier (Antichris) is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. **Lewend is die twee** (Antichris en valse profeet) **gewerp in die vuurpoel** wat met swawel brand.

DIE DUIWEL GEBIND 1000 JAAR !

Open 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.

Open 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duivel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank. [Latynse woord is mille = duisend en annus = jaar]

Open 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. **Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind**

word. [Na die 1000 jaar of MILLENNIUM= mille-annus]

DIE DUIWEL IN DIE POEL VAN VUUR GEWERP NA DIE DUISENDJARIGE VREDERYK !

Open 20:10 En die **duiwel** wat hulle verlei het, is **in die poel van vuur en swawel gewerp** waar die dier(Antichris) en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

(Die Antichris en die valse profeet is dan alreeds 'n duisend jaar in die poel van vuur.)

Hulle wat die merk (666) van die dier ontvang het, is dan vir ewig verlore.

Openb 14:9 **En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier(Antichris) **en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang.****

Openb 14:10 sal hy (wat die merk ontvang het) self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingesink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.(Hulle wat die merk ontvang)

Openb 14:11 En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie (in die hel) hulle wat die dier (Antichris) en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. [666]

MOET NIE VERGEET NIE !!!

Indien u dit nie meemaak met die wegvoering van die BRUID nie [left behind], moet nie die merk aanvaar op u voorhoof of regterhand nie. U kan gered word deur te sterf as martelaar, deur onthoofding volgens Open 20:4.(b)... en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, ... en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie. (Martelare—Open 7:9-17. [Valbyl— Guillotines]

Antiochus Epifanes was nie die Antichris nie. [175-164 vC.]

Daar is sommige skrifuitlêers wat die opkoms van n laaste Antichris met n terreurregering, wat deur Jesus met sy openbaring by Armageddon sal beëindig, in die geheel verwerp. Die profesie in Daniël word dan op die hoof van "Antiochus Epifanes" geplaas. Ek haal Dr Lemmer Du Plessis aan "Dit is anachronisme om van n antichris te praat wat was, meer as n eeu en n half voordat die ware CHRISTUS GEBORE IS. Antiochus Epifanes was nie die Antichris nie". Op hom val die nadruk omdat hy in die Ou Testament die voorloper is, n "sinnebeeld" van die ware Antichris wat nog moet kom. Epifanes (175-164 vC.) of ook wel "Epimanes", wat beteken die "mal man."

Antiochus Epifanes; Het die Heiligdom van GOD onheilig !!!

Hy het oor die brandofferaltaar n altaar laat bou vir Jupiter Capitolinus, en daarop varke laat offer. En die bloed van die varke teen die mure van die tempel laat sprinkel. Hy het die sabbat afgeskaf die lees van die wet verbied en dit verbrand, en net so die besnydenis. En so probeer om die Joodse Godsdiens met wortel en tak uit te roei. En van die wat weerstand gebied het. het hy by sy terugkoms uit Egipte, in drie dae 80,000 laat vermoor, 40,000 gevange geneem en 80,000 as slawe laat verkoop.

DIE "AFVAL" VAN DIE LAASTE DAE" NET VOOR JESUS KOM"

- 1 Tim 4:1 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang. (Duskant die wederkoms van JESUS)
- 2 Thessa 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval = Gr = "Apostasia" kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf. "DIE ANTICHRIS"

DIE "AFVAL" beteken om af te wyk van "die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas vers 3) "FALLING AWAY"
Huidige kenmerke van afvalligheid soos ondergenoemde.

- (1) Die nalaat van onderlinge byeenkomste; Heb 10:25 Die bywoning van kerkdienste word nagelaat, mense wil nie meer kerk toe gaan nie.

- (2) Die Godheid word verkleineer en verloën. Naamlik dat alle gelowe aanbid dieselfde God, JESUS is nie meer die enigste middelaar nie. Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
- (3) Die ingewing of inspirasie van die Heilige Skrif word in twyfel getrek. (a) Die maagdelike geboorte van Jesus. (b) Sy opstanding word verwerp. (c) Sy Hemelvaart en wederkoms (d) Geweldige toename in SPOTTERS.
- (4) Wereldsgesindheid en modegiere binne in die kerk; bekering en Heiligmaking word nie meer gepredik nie. Die Versoenings Bloed van Jesus is verwyder uit die kerk, n Bloedlose Evangelie en miljoene verlore in die kerk. "Openbare godsdiens is nou SOCIAL"
- (5) Liefdeloosheid teenoor God en die naaste.
- (6) Mense beklee hulle met n"gedaante van godsaligheid" maar die krag daarvan verloën hulle. Meer liefhebbers van genot as van God (Die sportgod wat aanbid word ook op Sondag 2 tim 3:4-5)
- (7) Geen liefde vir die goeie, mense is liefhebbers van hulleself.
- (8) Grootpraterij neem die plek in van ootmoed.
- (9) Ongehoorsaamheid aan en minagting van ouers,oues van dae.
- (10) Ondankbaar teenoor God en die naaste " Stakings en Arbeidsonrus"
- (11) Onheilige geselskap, onsedelike geselskap, en laster DIE NAAM.
- (12) Onversoenlik teenoor mekaar, onvergewensgesindheid.
- (13) Kwaadsprekery foutvindery, en vol kretiek teenoor die naaste.
- (14) Ontrouheid teenoor God en die naaste. ongebonde en onbetrokke.
- (15) Koudheid en afsydigheid teenoor hulle wat ons behoort lief te hê.
- (16) Verwaarlosing van die omgang met die Woord van God en die huis altaar, asook die persoonlike binnekamer gebedslewe. "Die TV en sportgod het genoemde plek ingeneem" AMEN AMEN !!!

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

